ARTKAT Studio
Johanna Prinsloo

Junie 2007

Hi al die winterkatte,

Dit is Junie maand en ons almal wil net snoesig inkuier onder die kombers met net ons oë wat bokant uitsteek. Dink net aan 'n lekker warm sjokolade drankie wat laatnag ingeslurp word sodat ons tone van pure lekkerkry rondwoel in ons warm wintersokkies.

Ja, onverwags het die koue ons met sy lang wintersvingers kom vasvat. Dit herinner ons dat die einde van die jaar seisoene aangebreek het met die boodskap wat oorgedra word vir die nuwe lewe wat reeds in voorbereiding is.

Die einde van 'n tydperk beteken ook die begin van nuwe dinge. Al hierdie baie beloftes lê dan ook in die flambojante kleure wat orals rondgestrooi word onder die bome in die vorm van blare wat kompos word vir die nuwe groei.

Juis is hierdie groei vir my die verteenwoordiging van kleur en veral nou in die malse spel van oranje. Vanaf die diep lowergroen en die oorgang na die pruimrooi kleure van die blare en die uiteindelike ligte geel wat neer fladder om weg te sterf in die grond met die belofte van die jong groei in die lente tyd.

Ek lees in 'n boek "*Orange releases the creativity of the artist*" en ek weet dit is waar. Hierdie skakerings van oranje blare laat my telkemale stop langs die pad om nog meer blare op te tel, dit te droog, maar merendeels te bewonder.

Ek lees verder "*Orange can be comfortable as it tends to remind us that something needs to be dealt with*"

Inderdaad is dit die kleur wat my daaraan herinner dat daar 'n tyd van afsterwe is van aflegging van ou dinge en op die uitkyk te wees na die nuwe.

"*When we are unwilling to deal or unable to let go of memories or problems, we can experience a sort of mental constipation and excessively tense muscles*"

Sjoe hoe gelukkig kan ons wees dat die belofte van die nuwe hier voor ons lê. Hier reg voor ons op die grond. Dit is net om dit op te tel en te onthou van verlede jaar en die jaar daarvoor. Om te weet dit is alles waar. Alles word weer nuut as gevolg van die oue. Oranje, hier kom ons. Dankie vir al die beloftes wat in jou opgesluit lê.

Soos wat julle seker nou al agter gekom het is oranje ons kleur van die maand en net daarom het ek hierdie lieflik dankbare ou Afrikaner blommetjies geskilder. Ek het hulle groter as groot geskilder om ook hulle beloftes met julle te deel. Die belofte van dankbaarheid wat in hul kleure ontvou word.

Groetnis vir eers,

Johanna Prinsloo.
(johanna@artkat.co.za)
Tel: 082 838 0750
http://www.inhaus.co.za/artkat

Nog Skakels:
http://www.centurionteater.co.za/
http://www.kakkerlak.co.za/
http://www.artwessels.co.za/

Kleur van die maand : Oranje

Mei Flinders

Daar was min studente wat skoenlappers geteken of geskilder het, hier is 'n paar wat wel ingestuur was. Baie dankie vir die probeerslag.

Kreatiwiteits les

Ons het 'n projek geloods waar elke student in die Donderdagoggend klas 'n skildery moes beskryf, die beskrywings is toe onder mekaar uitgeruil en dan, sonder om na die skildery te kyk, is 'n collage geplak vanaf die beskrywing. Die projek het baie frustrasie, baie lag en trane veroorsaak maar die eindresultaat was dat elke student iets besonders geskep het en in die proses geleer het om "losser" te werk en te besef dat perfeksie nie altyd die einddoel is nie.

Junie 2007 Program

Tye:

Maandag	Afsprake vir privaat konsultasies teen 'n uurtarief van R100.	
Dinsdag	09h30 – 12h30	Jhb. Kunsgroep.
Woensdag	09h00 – 11h00	Algemene Kunsklas
Woensdag	18h30 – 20h30	Algemene Olieverf.
Donderdag	09h00 – 11h30	Gevorderde Olieverf.
Donderdag	18h30 – 20h00	Gemengde Kunsklas
Saterdag	09h00 – 11h00	Gemengde Kunsklas.
		Behalwe die 16de Junie.

Saterdagoggend 16 Junie - Veldsessie in Pretoria se Botaniese Tuine.

Welkom aan alle nuwe Studente

Ek verwelkom al die nuwe studente en hoop dat julle 'n baie vrugbare en vreugdevolle tyd met ons sal deurbring. Ook totsiens aan die studente wat vir watter rede ookal ons verlaat.

April Veldsessie



Susan se vroue boom

Terugvoer van “Retreat”

Die rustyd by Good Shepherd was vir my ’n wonderlike ervaring wat ek graag met almal wil deel. Ons was ’n groep van sewe wat die Woensdagmiddag by die plek langs die Hartebeespoortdam aangekom het. ’n Heerlike vegetariese ete en ’n rooiwyntjie het op ons gewag. Na ete het ons ’n stap meditasie gehad wat gevolg het op ’n sensoriese werkswinkel waarin ons collages gemaak het van plantmateriaal wat opgetel is. Dit was onder die bekwame hand van Estelle Rossouw aangebied. Sy is ’n kenner van plantmateriaal wat gepars en geplak word. Ook het ons die voorreg om haar as nuwe student by Artkat se Studio te verwelkom.

Later die middag het ons die sonsondergang waargeneem in stilte om so in God se skepping ook deel van onsself te ervaar. Vroeg die volgende twee oggende het ons dan ook reeds om sesuur gemediteer om dan die vroeë mis saam te kon bywoon.

Donderdagoggend het ek ’n werkswinkel aangebied waar ons in stilte elkeen sy eie mandala kon knip. Kleurvolle werke waarin ons elkeen iets meer van onsself kon leer was die gevolg.

Piet Muller, my en baie ander mense se mentor, ons sameroeper, het gedurende die week met ons ’n kursus bespreek wat die Enneagram genoem word. Hier kon ons weereens onsself en ander mense na aan ons beter leer verstaan.

Traag het ons Vrydagmiddag die plekkie verlaat met ’n siel wat weer gevul was met ’n nuwe bewustheid van die dinge wat God so onbeskroomd rondom ons vir ons gee.”

Seisoen Collages

Mandalas

Tekenoefening

Ons het so pas begin met ’n tekenoefening in die Donderdagoggend klas waar ons met pen, stok, bamboes en ink ’n stillewe gaan teken. Dit belowe om ’n interessante les te wees en ek sal volgende maand meer van die resultate insluit.





Ons Seisoenboom – ons gaan hierdie boom elke maand dokumenteer

In ons volgende projek wil ek graag almal bekend stel aan die jester proses. Al ooit gewonder hoekom soveel kunstenaars hul self een of ander tyd besig hou met die harlekyn? In hierdie interessante lesings kan julle die antwoord kry deur ook die nar in jouself te ontdek. Stuur weereens vir ons terugvoering sodat ons kan vasstel hoe suksesvol hierdie projek is.

"Jester"/ Nar / Harlekyn /"Clown": Les I

"Who is more foolish – the fool? Or the fool who follows him?"
Sir Alec Guinness, Star Wars

In hierdie proses van self ontdekking word die taal van kleur sowel as die taal van die liggaam gekombineer om sodoende die bewustelike – wat talle male nodige informasie ten einde van self ontdekking, sublimeer – te omseil. Hierdie proses laat die kind in ieder en elk van ons na vore te tree om te speel met kleure en vorms. Hoe doen ons dit? Ons teken 'n nar / harlekyn, oftewel (vir my 'n beter term) "Jester". Ek noem dit die "Jester"-proses. Ons leer ook om te verstaan hoekom menige kunstenaars dan juis 'n harlekyn geskilder of geteken het.

Gekkery is deel van ons menswees – dit kom vanuit die hart. Ons almal is gebore met 'n humorsin – soms tragies en soms lighartig. Die nar /"jester" is dan die universele versinnebeelding van hierdie emosie – 'n emosie wat terapeuties van aard is. Lag maak gesond. Lag verlig spanning.

Die nar spreek dus tot ons emosie – hetsy negatief of positief; hy reageer op die wispelturigheid van emosies – en verbeeld juis dié element van die lewe. Juis soos Janus (die Romeinse god met twee gesigte), het die kaart "Joker" ook dus twee gesigte: gelukkig en hartseer (tragedie en komedie) – die twee kante van die lewe.

In realiteit moet ons beide emosies akkommodeer – alle genesing en aktualisering kom hierop neer: Om geluk werklik te ken moet ons juis erkenning daaraan gee – beide maskers kan dra.

In hierdie lesings lê ons taak om hierdie nar /"jester"/"joker" in ons self te ontdek – en dan te luister wat hy / sy vir ons sê of wat verbeeld word van onsself. As ons die nar toelaat om dit te verbeeld in die koninklike hof van ons hart, kan ons, soos die konings van ouds, soms dinge raaksien wat ons gewoonlik misken.

Wat ons graag wil bereik aan die einde van ons reis, is die staat van die wyse gek - die een wat alreeds gestoei het met die dinge van bestaan en hom ten einde verander het van die blinde tot die wyse gek (aktualisering).

Iets wat 'n mens opmerk in die talle afbeeldings van die gek, is sy "adventurous" karakter. Die gek ignoreer gevaar, hy ignoreer juis die materiële wêreld en is meer besorg oor die emosionele en spirituele "journey".

Jou persoonlike nar kan jou bewus maak van waar jy heengaan in jou emosionele reis – hy kan jou verhouding met die materiële daarbuite duidelik maak, en somtyds juis die gevaar van te veel klem hierop vir jou spirituele groei toon.
Wat die gek weet is dat niks reg of pertinent verkeerd is nie – daar is 'n prinsiep van ommekeer – hy besef die waarde daarvan om juis die konflik te verstaan, die verskeie persepsies, die ekstremiteite van 'n saak, die binne en die buite, die tragedie en die komedie.
Hierin lê die volwassenheid dus om te besef dat hoe meer ons weet, is eintlik om te besef hoe min ons weet.

Een van Cézanne se harlekyne



Een van Picasso se harlekyne

Junie Uitdaging

Neem 'n lekker groot vel papier – 'n grote wat vir jou gemaklik is.

Teken nou met 'n potlood jou konsepsie van 'n nar. Gebruik jou verbeelding en sit die beeld neer op die papier. Moenie te veel nadink daaroor nie. Wees vry en spontaan.

Kleur nou jou nar met of kleurpotlode, verf of kleurpenne in.

In die volgende paar lesings sal julle verskaf word met 'n interpretasie "tool" wat julle op julle eie kan toepas op die skets.

Bewustelik kan ons verby ons "self" kyk – maar deur te teken – kan ons verby die rasionele beweeg en ons diepere emosies verbeeld. In teken, teken jy jouself uit.

Soos die beleid is dat ons elke maand 'n kunstenaar bespreek, bespreek ons vir Bernat Kruger hierdie maand. Soos belowe sluit ons dan 'n onderhoud met Bernat in.

Onderhoud met Bernat Kruger

Wat is jou motivering om te skryf?

Skryf is so 'n unieke manier om te leer hoe 'n mens dink en voel. Ek dink ek skryf tot 'n groot mate om my eie en ander mense se menswees te ontdek en daarin te kan deel.

Dink jy dat alle mense die vermoë het om hulle gedagtes op so 'n manier uit te beeld?

Ek dink 'n persoon wat homself goed kan uitdruk, hetsy met woorde of in gesprekke, het 'n enorme voordeel bo persone wat dit nie kan doen nie. Ek dink almal het 'n verantwoordelikheid teenoor hulleself, om die hierdie vermoë wat elkeen besit, so ver moontlik te laat ontwikkel.

Dink jy dat dit nodig is om jou emosies op 'n kreatiewe manier hoe ookal te ontlaai?

Verseker. Dit is die begin van alles. Mxolisi Nyeswa skryf, "It all begins with thunder in the middle of the road, it begins with people bleeding from the intestine. And it all begins, and it will never cease."

Wat is die applous wat jy verwag indien wel op jou skryfwerk en is applous nodig vir 'n kunstenaar op watter vlak ookal?

Ek dink dit is die skeiding tussen amateur en professioneel. Die amateur kunstenaar is nie afhanklik van 'n gehoor nie.

Wat dink jy van die Artkat inisiatief en wat is jou betrokkenheid indien enige?

Baie bemarkbaar. Dit lyk asof dit 'n behoefte vul.

Sien jy jouself ook as mentor in die toekoms vir opkomende skrywers?

Definitief.

Wat is jou gunsteling musiek keuse, leesstof en gereg? Ook die plek waar jy die beste ontspan?

Goeie Rock. Ek lees letterlik alles. Kerrie. Langs enige swembad.

In kort wie is die mens Bernat as hy nie skryf nie?

Hy hou van "live music", eet, lag, ry graag rond in karre en motorfietse. Is baie allergies vir tamaties, aartappels, eiervrug, koring, kakao etc. etc. etc. etc.

Writing to Learn Your Own Mind – Words from Bernat Kruger

Words become a mirror. Unflinchingly they reflect the person that writes them down. The words themselves leave a glimpse, an imprint, of their writer. This, for me, is where the magic of writing begins. I can write a memo for work. I can write what this evening's amazing sunset did for me. And in both, something of my character will be visible. The memo will have the wording that is so undeniably "me", when I look at it, it will be embarrassing. Like a signature. That embarrassing footprint on glossy teak. The hypothetical sunset will showcase my irritable "dreaminess". Bernat the poet. I hate that term poet.

Yet again the words I use, my way of expressing myself, force me to take that long hard look at myself. I hate them sometimes. These words. They can be so painfully honest.

A wise man once said "*Pain shows the birthmarks of life*". I want to add to that and say "*Growth never is easy*". Writing - letting those closest to you read what you write - might just be the most powerful tool for achieving growth.

Extract from *Firelighter* © a novel in progress by Bernat Kruger

The morning was beautifully sunlit.

By Jonathan's reckoning the hour was nearing nine o'clock. Their marathon inside the derelict church had scuffed up so much old dust it hampered their breathing. Their oil-soaked torches gave off thick black smolder. This did nothing to alleviate the thickness in the air. Their four torches trailed black and blue into the quiet morning air.

In each hand both men knelt with their torch hilts and holding them like that, for hours, their hands cramped shut around the clammy wooden shafts.

'Number twenty six,' Dwayne Auberon said muted. Over his mouth his wet handkerchief flopped in and out like a textile lung. His knees burned. In front of him the one pewter mug with the blood endured his torch-smolder wafting barely an inch from it.

With care he placed the other burning torch on the floor and said, 'Lucky number'.

Jonathan let his gaze drift over the floor.

The twenty five circles of chalk scattered over the nave and suspended among the dusty riot of foot prints and boot marks. Could it be that many? Twenty five?

'Don't have luck,' Jonathan said. 'Are you going to burn the church down with that?', aiming at Dwayne's torch. The man stretched his hand some more before picking it up with a grimace. 'Extra fun yes', he said balmy. The floor was so dry sparks of flint could make it catch and the wood-floor showed the spot of brown heat where the torch head touched.

No-one laid claim to this poor-man's church. Not even for raiding it.

Business as usual